DAG EN SATERDAG 9 TOT 5 NET WERK JUST JOBS

DIE BURGER

PROMOSIE

Werk saam met konsultant vir goeie voorkoms, klerekeuses

DIE Chata Romano-handelsmerk is 'n internasionale sakeonderneming en dié gedugte sakevrou het reeds 'n aantal uiters nuttige produkte ontwikkel wat gewild is onder vroue.

En dit, sê me. Louise Linde van Durbanville, maak haar taak as voorkomskonsultant baie makliker. "Ek hoef dus nie my eie idees in waardevolle produkte te ontwikkel nie."

Linde is die afgelope twee jaar 'n Chata Romano-konsultant – dis haar eie entrepreneursaak wat sy begin het in die dae toe sy nog vir 'n groot onderneming gewerk het.

"Ek het jare vir 'n korporatiewe maatskappy gewerk en dit het my gegrief hoe onprofessioneel baie van die mense se voorkoms was. Ek wou graag iets aan die saak doen, maar het besef om geloofwaardig te wees, moes ek 'n professionele kwalifikasie verwerf. Ons korporatiewe werksessies spreek juis dié probleem aan. Mense besef nie altyd hoe belangrik eerste indrukke is nie, veral in die sakewêreld. Ek glo ook as mense goed voel oor hulself, dit hul produktiwiteit verhoog.

" 'n Mens se voorkoms sê baie van hoe jy oor jouself voel en toe ek op Chata se webwerf haar mantra lees – '*How you look, is how you feel*' – was ek oombliklik geïnteresseerd en het haar gekontak. Sy is geweldig gesteld daarop dat die Chata Romano-handelsmerk altyd 'n professionele en stylvolle beeld moet uitdra – en dit het my beïndruk. Sy het 'The Complete Image Solution' geskep met haar eie unieke stelsel waarmee ek myself ten volle kon assosieer."

Linde sê sy het 'n passie om vroue te help om op hul beste te lyk.

"Ek glo werklik voorkoms is ook 'n lewenshouding, of jy nou 'n werkende vrou of tuisbly-ma is. As jy goed voel, wys dit en mense neem kennis. Dis vir my baie bevredigend om die selfvertroue en positiewe houding in 'n vrou te sien wanneer sy besef watter kleure en style by haar persoonlikheid pas en haar op haar beste sal laat lyk. Ek kan dadelik sien wanneer iemand se voorkoms haar nie op haar beste laat lyk nie."

Linde sê die Chata Romano-naam is ook goed bekend vir integriteit en professionaliteit, en gehalte-diens "is nie onderhandelbaar nie".

Me. Louise Linde Foto: VERSKAF

"Ek werk onafhanklik, met ander woorde, my konsultasiefooie is my eie. Daar word egter van my verwag om die Chata Romano-produkte te bemark en te verkoop, waarop ek 'n persentasie wins maak.

● Watter eienskappe kan keer dat jy as konsultant en entrepreneur suksesvol is?

Dis wanneer jy nie werklik empatie met mense het nie, meerderwaardig voorkom of nie respek het vir ander se tyd nie, dat jy van sukses in dié mededingende bedryf kan vergeet, sê Linde.

● Is dit moeilik om so 'n saak op jou eie te bedryf?

"Dis nie maklik nie, want daar is baie voorkomskonsultante daar buite. Jy moet jouself net professioneel bemark, gedissiplineerd wees, konstant gehaltediens lewer en goeie tydsbestuur kan toepas. Ek moet sê Chata ondersteun haar konsultante geweldig en sy deel graag met ons die waardevolle kennis wat sy deur die jare opgedoen het."

● Hoe boesem jy vertroue in by mense om jou as konsultant te vertrou?

"Dis baie belangrik om te besef dat jy in die kliënt se persoonlike ruimte beweeg en dit te alle tye moet respekteer. Ek is empaties en sorg dat ek mense op hul gemak stel en hul inligting vertroulik hanteer. Ek glo ook elke vrou se styl is uniek en sy moet die beste maak van wat sy het. Ek raai haar aan om te dra wat by haar persoonlikheid en begroting pas, en dat sy nie skatryk hoef te wees om stylvol geklee te wees nie. Sy hoef ook nie 'n plastiese chirurg te gaan sien om beter te lyk nie."

● Dink jy dis 'n goeie pad vir 'n vrou as entrepreneur om te loop – dit is, om in die gerief van jou eie huis, in jou eie tyd, só 'n onderneming op die been te bring?

"Die opleiding is baie duur, maar as jy in jouself glo en 'n passie het vir dit wat jy doen, is dit al die pad die moeite werd. Selfdissipline en goeie tydsbestuur is natuurlik uiters belangrik."

● Hoe bou 'n mens jou reputasie as konsultant – en behou dit?

"Deur gehaltediens te lewer en nooit afbrekende kritiek te lewer nie. Ek probeer ook om in 'n konsultasie die ondervinding vir die kliënt so prakties en koste-effektief as moontlik te maak, maar terselfdertyd pret saam met haar te hê.

"Jou eie voorkoms moet natuurlik ook 'n voorbeeld wees, anders is jy nie geloofwaardig nie. Die klem val egter op die individu – wat vir jou werk, werk nie noodwendig vir iemand anders nie. Vroue is mos nooit een honderd persent tevrede met hul figure nie, maar ek kan help om jou beste eienskappe te beklemtoon en die minder goeies te verbloem."

Bel Linde by ☎ 082 468 1296 of skryf aan haar by louiselinde@netactive.co.za.